

BETEKENIS EN BETEKENISVERANDERING

'n Woord kan meer as een betekenis hê. As ek dit sê, dan bedoel ek nie alleen 'n woord soos *kan* wat heel iets anders beteken in: „Hy *kan* dit doen” as in: „Maak die *kan* vol water” nie. Ook sulke skynbaar onskuldige woorde soos: *huis*, *mens*, *pad*, kan meer as een betekenis hê. Dit besef ons almal enigsins. Daarom sê ons so dikwels dat iemand onduidelik of vaag of dubbelsinnig praat. Wetenskaplikes gebruik daar selfs 'n geleerde term voor en praat van die polisemie (d.i. veelheid van betekenis) van woorde. Dit sal dus interessant wees om die saak 'n bietjie nader te beskou. Neem 'n woord soos *huis*. Mnr. A. is 'n welgestelde man met 'n gelukkige huislike lewe. As hy sê: „Ek gaan huistoe,” dan rys daar voor sy gees op die beeld van 'n mooi gebou, met gesellige, aanloklike kamers, gemaklike stoele, mooi tapyte, kunsvolle skilderye aan die muur en 'n liefvallige vroutjie wat hom verwelkom. Maar met B. is dit net die teenoorgestelde. As hy sê: „Ek gaan huistoe,” dan dink hy aan 'n vuil krot, stukkende stoele en tafelpote, droë brood en 'n stortvloed van skeldwoorde wat hom tegemoet snel. Of neem die woord *pad*. Iemand wat met sy motor vasgesit het in 'n modderige plaaspad vol slote en gate, het 'n heel ander voorstelling van 'n pad as 'n ander persoon wat 'n lekband gekry het op 'n netjiese teerpad. Dit is voorbeelde van dinge wat in sommige opsigte min of meer ooreenkom, maar in ander opsigte weer hemelsbreed van mekaar verskil. En tog dra hulle dieselfde naam.

Die betekenis van woorde kan ook verskil na gelang van die verband waarin hulle gebruik word. Kyk na hierdie voorbeelde: „Ons moet 'n nuwe *kerk* bou” — hier word met *kerk* „'n gebou” bedoel. „Die *kerk* gaan uit” — hier word „mense” bedoel met *kerk*. „Ons *kerk* sal ook deelneem aan die fees” — hier is *kerk* dieselfde as „gemeente”. „Die *kerk* maak daar beswaar teen” — hier staan *kerk* vir die „leidende geeste en getroue volgelingen van 'n genootskap of sinode of gemeente”.

Of neem die skool: „Die *skool* is afgebrand” — *skool* = 'n gebou. „Die *skool* gaan uit” — *skool* = die kinders en onderwysers. „Ons *skool* speel teen hulle s'n” — *skool* = 'n aantal uitgesoekte kinders. „Ek hou nie van daardie *skool* nie” — *skool* = die gees wat daar heers en die werk wat daar gedoen word.

Hierdie veelheid van betekenis word veroorsaak deurdat dinge soos 'n kerk en 'n skool 'n verskeidenheid van eienskappe besit, waarvan nou die een en dan weer die ander op die voorgrond tree of in die bewussyn kom, terwyl die ander op die agtergrond vervaag. Al die eienskappe tree nooit gelyk in ons bewussyn nie. Maar die verskeidenheid bring ook mee dat daar dikwels onsekerheid en verwarring kan ontstaan. Daarom dat dit soms nodig is om duidelik te omskryf wat jy nou eintlik bedoel, m.a.w. om die betekenis te beperk. So sien ons bv. dat wette soms begin met 'n aantal definisies. Dit is omdat 'n wet nie kan toelaat dat 'n belangrike woord op meer as een manier geïnterpreteer word, soos ons in die daaglikse omgang doen nie.

Dis opvallend dat hoewel dinge 'n hele aantal eienskappe besit, hulle dikwels na net een of 'n paar daarvan genoem word. So kry 'n perd bv. die eienaam *Bles* of *Skimmel*, hoewel hy baie ander eienskappe ook het. 'n Seker soort voëltjie word 'n *glasogie* genoem, 'n ander 'n *streepkoppie*. *Blesbok* en *springbok* is name

wat ontstaan het na aanleiding van opvallende eienskappe van hierdie soorte wildebok. *Automobiel* (iets wat homself beweeg) en *motor* (iets wat deur motorkrag beweeg) is name vir dieselfde ding. 'n *Vliegmasien* is 'n masien wat vlieë, maar die Engelse *aeroplane* is 'n „plane” wat deur die lug gaan. 'n *Vlermuis* ('n muis wat fladder) word in Frans 'n kaal muis (*chauve-souris*) en in Italiaans 'n aandvlieër (*vespertilio*) genoem.

Dan moet ons ook daarop wys dat woorde nie net 'n betekenis het nie, maar dat ons dikwels ook 'n gevoel daarmee uitdruk. Woorde soos *huis*, *straat*, *loop*, ens., is in die reël neutraal wat gevoel betref, hoewel hulle deur die verband, stembuiging, ens., vorgelaai kan word daarmee. Maar ander woorde het as reël 'n bepaalde gevoelswaarde. As ek bv. praat van iemand se *bek* of *poot* of sê: „Hy het *gevrete*,” dan druk ek daar 'n gevoel van minagting mee uit. 'n *Vent* en 'n *kêrel* is dieselfde, maar vir die eerste voel ek minder eerbied as vir die tweede. Daarenteen is *jok* nie so erg soos *lieg* nie, en *spreek* heelwat mooier as *praat*. Oor die verskillende gevoelskakeringe wat uitgedruk kan word deur die woordjie *ou* en deur die verkleinwoorde, hoop ek om by 'n later geleentheid te praat.

Hoe kom dit nou dat die betekenis van woorde verander?

Dit kom in die eerste plek deurdat dinge verander, maar hulle ou name behou. Ons *dubbeltjie* sien daar vandag glad anders uit as in die Hollandse tyd, en dit het ook maar die helfte van sy vroeëre waarde, maar tog noem ons dit nog 'n dubbeltjie. Daar is 'n groot verskil tussen die agtiende-eeuse en die hedendaagse *klavier* maar die naam het dieselfde gebly. Die primitiewe *rywiël* of *fiets* met sy snaakse hoë voorwiel is vervang deur 'n nuwer vervoermiddel, maar sy naam nie. Hierdie woorde het dus betekenisverandering

ondergaan. As ons vandag praat van die *lampe* in ons huis en daarmee elektriese lampe bedoel, dan het ons iets glad anders op die oog as die olielampe van vroeër, maar die naam is dieselfde. Toe die *briek* die plek van die ouderwetse *remskoen* aan ons ossewaens begin inneem het, het hy sy naam saamgebring. Hy het egter weer verander toe hy vir die motorkar aangewend is, maar baie mense noem hom nog met die ou naam. Partykeer verloor 'n ding die eienskap waaraan dit sy naam te danke het, maar bly die naam behoue. 'n *Pen* beteken eintlik 'n „veer”. Die naam dateer uit die tyd toe penne van vere gemaak is. Later is penne van staal gemaak. Die naam het egter dieselfde gebly. Vandag het ons goue vulpenne, maar die naam is nog dieselfde. 'n *Kerkhof* is oorspronklik 'n tuin om die kerk. Vandag word dit gewoonlik ver weg van elke kerk gemaak, maar dit bly nog 'n kerkhof. *Nagmaal* gebruik ons teenswoordig gewoonlik in die voormiddag.

In die tweede plek verander die betekenis van woorde omdat ons self verander. Vir mense wat sterk meeleeft met die politiek het die name van die politieke partye bv. 'n sterk gevoelswaarde. Woorde soos *Nasionalis*, *Smelter*, *Dominioniet*, ens., het dan ook glad 'n ander betekenis vir die persoon wat aan die party behoort as vir die een wat dit beveg. Maar as iemand nou sy ou party verlaat en by 'n ander aansluit, dan ontstaan daar 'n reeks veranderde en nuwe assosiasies, en kry die woorde daardeur 'n ander betekenis vir hom. *Geus* was oorspronklik 'n skeldnaam wat „bedelaar” beteken het; vandag is ons trots daarop as ons ons afstammeling van die Geuse kan noem. So is in ons land ook dikwels met minagting van *backvelders* gepraat. Vandag is daar baie mense wat hulleself met trots *backvelders* noem.

Dis 'n baie algemene verskynsel dat ons probeer om sekere klasse van woorde in die omgang te vermy:

woorde wat te grof klink, onweloweglike woorde, en by primitiewe stamme taboewoorde. In plaas daarvan gebruik ons dan ander woorde wat aangenamer klink — verbloemende woorde of eufemismes genoem. In plaas van te sê: *hy lieg*, sê ons bv. *hy skiet spek*; i.p.v. *hy is dronk*, *hy is lekker*. Hier het *spekskiet* en *lekker* dus 'n nuwe betekenis gekry. Maar as sulke eufemismes baie gebruik word, verloor hulle ook hulle verbloemende krag. Ons standpunt teenoor hulle het dan verander en ons soek nuwe eufemismes om hulle plek in te neem.

As ons ons taal histories nagaan, vind ons nog baie ander woorde waarteenoor ons houding heeltemal verander het. Vondel gebruik die woord *suip* bv. nog in die deftigste verse. Hy sê bv.: „De zon zuipt de dauw.” Vir ons het dit 'n plat woord geword, behalwe in die afleiding *versuip*, wat nog in die fatsoenlikste taal gebruik kan word. So is daar vir Vondel ook niks onbehoorliks aan die woord *opdonder* nie. Hy laat Lucifer bv. sê: „Ik kom uit de zwavelpoel opdond'ren van beneên.” Die gevoelswaarde van hierdie woorde het dus agteruit gegaan. Daarenteen was *kop* vroeër 'n minagtende woord. Vandag praat ons in Afrikaans van die eerbiedwaardigste man se kop. Die gevoelswaarde van hierdie woord het dus veredel. Dis onmoontlik om in alle gevalle vas te stel wat presies die oorsaak was van ons veranderde houding teenoor die woorde. In die meeste gevalle sal dit wees omdat hulle baie in 'n nuwe verband gebruik is wat bepaalde assosiasies oproep het.

En hiermee het ons by 'n ander baie algemene oorsaak van betekenisverandering gekom, naamlik dat woorde van een maatskaplike kring oorgaan in 'n ander, of van die algemene taal in vaktaal, en omgekeerd. Bekende voorbeelde daarvan is in Afrikaans die woorde *kooi* en *kombuis*. Hierdie woorde het oorspronklik tuis

behoort in die seemanstaal en is dus alleen op skip gebruik. Deur die nou kontak wat ons voorouers met die see gehad het, is hulle egter ook op land gebruik en het toe oorgegaan in die algemene taal, sodat ons glad nie meer aan 'n skip hoef te dink as ons van 'n kooi of 'n kombuis praat nie. Die woorde het dus 'n ruimer toepassing gekry as hulle vroeër gehad het. Daarenteen was *meid* en *volk* vroeër algemene woorde. Ons gebruik die woord *meid* teenswoordig egter alleen nog maar ten opsigte van gekleurdes. Die toepassing van die woord is dus vereng. *Volk* weer het sy algemene betekenis behou, maar daarnaas die spesiale betekenis van „gekleurde werksmense” ontwikkel. So is daar baie woorde wat van die algemene taal in spesiale oorgegaan het. Dink bv. nog aan *operasie* wat in die algemeen „verrigting” beteken, maar 'n spesiale betekenis het as dit in verband met dokters en siekes gebruik word; aan woorde en uitdrukkinge soos *anker gooi*, *touleier*, *mik*, ens., wat van 'n besondere verband in die algemene taal oorgegaan het.

Eindelik wil ek ook nog daarop wys dat baie woorde van betekenis verander deur assosiasie. 'n *Dam* is bv. oorspronklik 'n wal. As ons nou sê: „Iemand het 'n dam gemaak,” kan ons daarmee die wal bedoel, of die wal en die water wat daarmee geassosieer is, of die water alleen. 'n *Tuin* was oorspronklik 'n omheining. Die Engelse woord *town*, wat etimologies dieselfde is, het toe gaan beteken vestingwerke met die huise wat daardeur omring word. Teenswoordig beteken dit alleen die huise. In Nederlands en Afrikaans het *tuin* gaan beteken die omheining met die plante aan die binnekant daarvan. Teenswoordig kan dit 'n beplante stuk grond wees, ook as daar geen omheining is nie. Die woord *pen* kan die pen sowel as die penhouer beteken. In ander gevalle word verskillende soorte gewaarwordinge met mekaar en met gemoedsaandoeninge geassosieer.

Ons sê bv. 'n mes is *skerp*. Dit is iets wat ons voel. Maar dan sê ons ook dat 'n geluid *skerp* is—iets wat ons hoor; dat 'n kleur *skerp* is—iets wat ons sien; dat 'n reuk, 'n smaak *skerp* is—dinge wat ons ruik, proe; dat iemand se woorde *skerp* is—'n gemoedsaandoening. Iets *begryp* is oorspronklik iets met die hande vat. Teenswoordig is dit iets met die verstand vat. Iets *behandel* is oorspronklik ook iets met die hande bewerk, teenswoordig kan dit ook beteken iets met die verstand bewerk. Die naam van 'n gewaarwording kan op 'n soortgelyke gewaarwording in verband met iets anders oorgedra word. Ons praat bv. van ons eie *voete*, en dan gaan ons ook praat van die *voet* van 'n berg, omdat dit 'n soortgelyke indruk op ons maak. Omdat mense *ore* het, kry koppies dit ook. Ketels het *tuite*, maar ons kan ook praat van 'n mens wat sy mond op 'n *tuit* trek, en daar is selfs mense wat trane met *tuite* huil.

Uit die voorgaande dink ek dat dit u duidelik sal geword het, dat die studie van betekenisverandering nie alleen nou verbonde is met die innerlike werkinge van ons gees nie, maar dat dit ook in nou verband staan met en 'n interessante lig werp op die hele geskiedenis en ontwikkeling van ons kultuur.

LITERATUUR

Grondleggende werke oor betekenisleer is: W. WUNDT: *Die Sprache II* (Engelmann, Leipzig) en A. DARMESTETER: *La Vie des Mots* (Delagrave, Paris).

Belangrike artikels is: C. G. N. DE VOOYS: *De Psychologiese Beschouwing van de Betekenisverandering* (Nieuwe Taalgids I); *De „Gevoelswaarde” van het Woord* (Verz. Taalkundige Opstellen II en N. Taalg. I); *Eufemisme* (Verz. Taalk. Opstellen II en N. Taalg. XIV).

Goeie opsomminge is o.a. te vind in SCHRIJNEN: *Vergelykende Idg. Taalwetenschap* en GERTENBACH en VAN SLOOTEN: *Eenige Belangrijke Verschijselen*, ens.

SINONIEME

Sinonieme is woorde wat dieselfde of byna dieselfde beteken. Dis maklik om in ons taal, soos in ander tale, lang lyste van sulke woorde op te stel. Neem bv. hierdie reeks: *dadelik, netnou, gou, gou-gou, onmiddellik, oombliklik, aanstons, so flussies, sonder versuim, strakkies, weldra, welhaas, direk, oor 'n oomblikkie, onverwyld*. Die regte gebruik van sulke woorde wat naasteby dieselfde beteken maar tog fyne verskille aanwys, is van die grootste belang vir iedereen wat sy taal goed en treffend wil praat en skrywe, en ook die leser kan sy genot verhoog deur fyn op te let hoe 'n goeie skrywer sy woorde kies. Die studie van sinonieme is dan ook 'n belangrike onderdeel van die stylleer, en daar behoort dus veel gewig aan geheg te word by die studeer en doseer van die moedertaal. Tog is dit 'n onderwerp wat vol voetangels is en in verband waarmee veel gesondig word op ons skole. Ek sal dus my opmerkinge hieromtrent veral moet rig tot onderwysers maar dis net so goed van belang vir elke ander persoon wat daarop gesteld is om sy taal goed te gebruik en die taal van andere skerp te beoordeel en te geniet waar moontlik.

Ek sal begin met te wys op enkele wanbegrippe in verband met die onderwerp om vervolgens daartoe oor te gaan om aan te dui hoe 'n mens beste die onderwerp kan aanpak.

Sommige onderwysers en eksaminatore is geneig om 'n lys van sinonieme op te gee: *onrustig* en *ongerus*, *stadig* en *langsaam*, *kyk* en *sien*, ens., en die leerlinge dan te vra wat die verskil daartussen is. Dit is 'n ver-

keerde metode, omdat byna elke woord 'n aantal verskillende betekenis het en ons dus eintlik alleen van 'n woord kan praat in 'n bepaalde sinsverband. Iemand wat die saak op dié manier wil aanpak, dink onwillekeurig aan een of ander voorbeeld wat hom die eerste te binne skiet, maar as hy die saak nader gaan ondersoek, deur 'n hele aantal sinne te vergelyk of deur 'n uitvoerige woordeboek met voorbeelde na te gaan, sal hy al gou uitvind dat die saak gladnie so eenvoudig is nie. Dit is die gevolg van die polisemie van woorde waaroor ek in my vorige lesing gepraat het. Iedereen van u wat die noukeurige en interessante manier waarop professor Bosman taalvrae in *Die Huisgenoot* beantwoord, gesien het, sal weet dat hy dikwels 'n hele kolom nodig het om 'n saak te behandel wat sommige skoolmeesters dink dat hulle in een reëltye kan afmaak. En tereg ook! want die taal, 'n werksaamheid van ons gees, is nou eenmaal 'n ingewikkelde ding wat hom nie somar dadelik in aparte vakkies laat indeel nie. By die behandeling van sulke woordpare is dit dus nodig om uit te gaan van bepaalde gevalle. Neem dus 'n sin waarin bv. *kyk* voorkom en 'n sin waarin *sien* voorkom en vra u dan af, wat die verskil is tussen die twee woorde in hierdie twee sinne. Daarna kan u dan verder gaan en ook ander sinne neem om te sien of dit dieselfde is. Die hele waarheid sal u nie meteens agterkom nie. Omgekeerd kan u probeer om sulke sinne met die twee woorde te maak dat die een woord daar heeltemal op sy plek is, en die ander daar minder goed of gladnie in sou pas nie. Moenie dink dat u dadelik 'n volledige reël sal kan opstel nie, maar deur noukeurig op te let, skerp u u gevoel en sal u miskien later in staat wees om alles saam te vat.

'n Ander baie algemene fout is om te dink dat die etimologie, of woordafleiding, ons in staat moet stel om die regte onderskeiding te maak. Die etimologie leer ons die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van

woorde, maar om 'n goeie styl te hanteer, moet ons weet hoe die woorde teenswoordig gebruik word en by die gewone praat of skrywe dink ons selde aan etimologie. Ek het bv. nou net gebruik gemaak van die woorde *hanteer* en *gebruik*. Wie dink nog ooit aan *hand* as ons praat van *hanteer*? Maar tog is daar 'n fyn verskil van betekenisnuanse tussen hierdie woorde *hanteer* en *gebruik*, 'n verskil wat egter nie uitkom deur die afleiding van die twee woorde na te gaan nie. So is daar honderde woorde waarvan die etimologie maklik kan wakker geroep word as ons daar opsetlik aan dink. Neem bv. *handskoen*, *vingerhoed*, *vuurhoutjie*, ens. Gewoonlik dink ons egter nie bewus daaraan nie en speel dit dus geen rol by die skryf of praat nie. Daarenteen is dit ook moontlik dat 'n verkeerde etimologie in ons bewussyn wakker geroep kan word en dat dit dan 'n rol gaan speel in die werklike betekenisnuanse van 'n woord. 'n Voorbeeld daarvan is die woord *ophemel*. As ek sê: „Hy het sy vriend hoog opgehemel,” dan sal ek waarskynlik aan *hemel* dink, terwyl die woord oorspronklik „wegbêre” beteken.

'n Derde groot fout is om te dink dat sinonieme altyd 'n verskillende betekenisinhoud moet hê. Weliswaar is dit baiekeer die geval en moet 'n mens baiekeer fyn oplet om die regte verskil te vat. Neem bv. hierdie twee sinne: „Daar was 'n groot *aantal* mense aanwesig.” „Hy het 'n groot *hoeveelheid* suiker opgekoop.” Dit sou onmoontlik gewees het om in die eerste sin *hoeveelheid* en in die tweede *aantal* te sê. Die verskil is daarin geleë dat ons in die eerste geval 'n versameling het waarby ons bewus is van afsonderlike individue, terwyl ons in die tweede geval ook 'n versameling het, maar nie bewus is van die samestellende lede nie. Of neem hierdie twee sinne: „Hy het die *wens* uitgedruk om aanwesig te wees,” en „Hy het die *begeerte*, ens.” Die betekenis van *wens* en *begeerte* verskil alleen daarin dat die tweede veel

kragtiger is as die eerste. Dis 'n verskil van graad. In ander gevalle het die een woord 'n ruimer betekenis as die ander. As ek sê: „Jy moet die *bles* inspan,” dan bedoel ek met *bles* 'n *perd*, maar *perd* sou 'n meer omvattende woord wees in hierdie verband. 'n Ongeluk kan aan 'n sekere persoon se onverskilligheid te *wyte* wees, 'n geluk aan sy verstandige optrede te *danke* wees, maar beide die geluk en die ongeluk kan ons aan hom *toeskrywe*. *Toeskrywe* is dus 'n meer omvattende woord, dit het 'n ruimer betekenis as *wyt* of *dank*. Die verskil kan ook daarin geleë wees dat die een woord letterlik en die ander figuurlik gebruik word. Vergelyk bv.: „Dit was 'n *kostelike* grap” met: „Dit was 'n *kosbare* onderneming” of: „Hy het met 'n *gebroke* hart teruggekom” met: „Hy het met 'n sak *gebreekte* mielies teruggekom.”

Maar baiekeer kan ons geen verskil in betekenisinhoud aanwys nie en tog word die woorde verskillend gebruik. Die verskil moet ons dan nie soek in die betekenis van die woorde nie, maar in hulle *gevoelswaarde*, in die plek, tyd, omstandighede waaronder hulle gebruik word, of die persone deur wie hulle gebruik word. 'n Boer sal sê dat sy skape almal *gevrek* het, maar 'n predikant sal nooit vir sy gemeente sê: „Julle moet bereid wees vir die dood, want julle moet almal eendag *vrek*” nie. Daar is verskil in gevoelswaarde tussen *sterwe* en *vrek*, hoewel die woorde anders presies dieselfde beteken. Wanneer op mense toegepas is *vrek* plat of minagtend, net soos *vreet*, *suip*, *bek*, *poot*, *gevreet*, ens. 'n Moeder voel iets anders wanneer sy sê: „Die kind *tjank* alweer,” as wanneer sy sê: „Die kind *huil* alweer.” Die *siele* en die *harte* is weer deftige kanselvorme vir die *siel* en *hart*. U klink baie deftiger as *jy* of *julle*, *aangesig* as *gesig*, *spreek* as *praat*, *vlees* en *boter* as *vleis* en *botter*. Soos ou woorde, klink vreemde woorde dikwels deftiger as inheemse. 'n *Konwersasie* is deftiger as 'n *gesprek*, 'n *biografie* as 'n *lewensbeskrywing*. Maar

wanneer die uitheemse woord meer gebruik word, kan die verhoudinge omgekeer word. So klink *Mevrou* vir party mense deftiger as *Mrs.*

Dikwels het aparte woorde of wisselvorme hulle bestaan alleen daaraan te danke dat die een deur een groep persone, persone uit 'n bepaalde stand, omgewing of beroep gebruik word, terwyl die ander by 'n ander groep tuis hoort. Dis verkeerd om te dink dat daar altyd 'n betekenisverskil mee gepaard moet gaan. So word in ons grammatikas en woordeboeke gewoonlik 'n verskil gemaak tussen *rande* en *rante*. Sover my eie ondersoek gaan, bestaan hierdie verskil in die werklike lewe alleen by 'n baie klein groepie Afrikaners. Die meeste sê of *rande* of *rante* onder alle omstandighede. So is die verskil tussen *rûe*, *rûens*, *ruggens*, *rugte* in hoofsaak ook 'n verskil in plaaslike gebruik, nie 'n verskil in betekenis nie. Vir baie Afrikaners is *gesprek* en *geselskap* sinonieme in die sin dat dit woorde is met verskillende maar verwante betekenis. Dit geld egter nie vir alle Afrikaners nie, want party gebruik die woord *geselskap* in albei betekenisse. So is *musiek* en *musiekinstrument* ook sinonieme vir dié persone wat nie *musiek* in albei betekenisse gebruik nie. Ons moet dus plaaslike verskille in die oog hou en nie 'n algemene betekenisverskil wil skep waar dit nie algemeen bestaan nie.

Om op te som, wil ek dus die volgende wenke gee vir die behandeling van sinonieme:—

1. Gaan steeds uit van bepaalde sinne en moenie probeer om te veel op eens te wil behartig nie. Dit kan die beste gedoen word: a. By die lees, deur te let op die woorde wat die skrywer gebruik het en na te gaan watter verskil dit telkens sou gemaak het as hy 'n ander woord gekies het; b. By die skrywe, deur die woorde wat ons gebruik noukeurig te toets; c. By die bespreking van

opstelle, ens., deur te kyk of daar nie ander woorde is wat beter sou gepas het in die verband nie.

2. Bepaal die betekenisverskil, indien moontlik, maar moenie vergeet dat daar dikwels geen betekenisverskil is nie. Onthou dat dit net so goed 'n verskil kan wees van gevoelswaarde, van styl, van plaaslike of groepsgebruik.

LITERATUUR

C. G. N. DE VOOYS: *Kritiek van de Gangbare Synoniemen-behandeling* (Verz. Taalkundige Opstellen II en N. Taalg. II) en *Synoniemen-behandeling bij het Onderwijs* (N. Taalg. II).

BEELDSPRAAK

'n Zoeloe wat sy nederigheid en onderdanigheid wou te kenne gee, het eenkeer gesê: „Ek is 'n uitgedrukte spons aan die voete van die witman.” Kenners van ons inboorlinge vertel ons, die Kaffer praat nooit reguit nie, maar om 'n draai. As ons hierdie om-'n-draai-praterij nader beskou dan vind ons dat dit niks anders is nie as beeldspraak, iets wat dikwels ons bewondering afdwing by beroemde digters en prosaskrywers.

Wat is beeldspraak dan eintlik? Ons kan die vraag beste beantwoord deur 'n paar voorbeelde te neem. Ek sien 'n trein teen die berghelling en sê „Kyk, hoe kronkel die slang tussen die koppies deur.” Ek het die trein 'n *slang* genoem. Daar is 'n skare versamel om 'n voetbalveld en skielik sien ek 'n besonder groot man nader. En roep uit: „Kyk! Daar is Goliath ook.” Ek het Jan Pieterse *Goliath* genoem. Daar moet 'n belangrike beslissing gevel word. Met angs wag ek dit af en wens dat ek daaraan kon ontkom, maar ek kan nie, en eindelik sê ek berustend: „Die uur van die beslissing kruip stadig nader,” asof 'n uur kan *kruip*. Dit is beeldspraak. Ons noem die dinge met 'n ander naam as wat hulle gewoonlik het; ons praat om 'n draai; ons praat in beelde in plaas van reguit. Ons kan ook sê, ons praat in figuurlike taal, want *figuur* beteken dieselfde as *beeld*, of in oordragtelike taal.

Dat ons die dinge met 'n ander naam noem as gewoonlik, is waar, maar praat ons in sulke gevalle nou regtig om 'n draai, of lyk dit maar oppervlakkig so? Laat ons die saak weer 'n keer oorweeg. Toe ek daardie

trein daar teen die berg gesien het, en gesê het die slang kronkel daar, het ek toe werklik gedink: „Nee, ek sal die ding nie met sy regte naam noem nie; ek sal my bedoeling verduister en sê ek sien 'n slang?” Nee, ek het regtig altwee gesien. Met my liggaamlike oog het ek die trein gesien en met my verbeeldingsoog die slang. Die laaste het ek in die eerste gesien, maar dit was vir my nie nodig om die eerste te noem nie, want dit kon u self sien; ek het dus maar net meegedeel wat my verbeeldingsoog gesien het. Hierdie beeldspraak was dus nie 'n om-die-draai-praterij nie, maar ek het op die mees direkte, op die korts moontlike manier meegedeel wat ek waargeneem en wat daar in my omgegaan het. Onthou dit, by beeldspraak sien ek twee dinge inmekaar, maar ek noem maar net een, die een wat nodig is, die ongewone een. By beeldspraak gebruik ek dus nie 'n ompad nie, maar die korts moontlike pad. En ek verduister nie my bedoeling nie, maar ek deel op die eerlikste manier mee, alles wat daar in my omgaan.

Nou verwant aan beeldspraak is spraak deur middel van vergelykinge, bv.: „Die wit skuimkoppies (van die see), soos angorabokke op 'n eindelose bult.” — „O, sy worstel soos een met 'n nagmerrie, soos een op 'n operasietafel, met daardie verskriklike herinneringe.” Die verskil is dat terwyl ons by beeldspraak twee dinge inmekaar sien, die twee dinge by 'n vergelyking naas mekaar is. As ons praat van „wit skuimkoppies soos angorabokke” dan sien ons die twee nie inmekaar nie, maar naas mekaar en ons vergelyk hulle met mekaar.

Beeldspraak het 'n groot rol gespeel in die geskiedenis van ons taal, soos van alle tale. Die *oor* is oorspronklik die naam van 'n liggaamsdeel. Die eerste mens wat van die *oor* van 'n kan gepraat het, het dus aan die ding 'n naam gegee wat hom nie toekom nie; hy het die naam van iets anders daarop oorgedra. Dit was beeldspraak. Vandag is *oor* die gewone naam vir die betrokke deel

van 'n kan. Dit is dus nie meer beeldspraak nie, maar die woord oor het 'n nuwe betekenis gekry. So was oog ook die naam van 'n liggaamsdeel en die oog van 'n naald aanvanklik beeldspraak. Daaruit het nou 'n nuwe betekenis van oog ontstaan. *Skerp* is iets wat 'n mens voel: 'n *skerp mes*, 'n *skerp potlood*, 'n *skerp rand*, ens. Bywyse van beeldspraak is *skerp* toe later ook gebruik as die naam van 'n bepaalde eienskap van dinge wat 'n mens sien: 'n *skerp kleur*, van dinge wat 'n mens hoor: 'n *skerp klank*, van dinge wat 'n mens ruik: 'n *skerp reuk*, van dinge wat 'n mens in jou gemoed ondervind: 'n *skerp verwyt*. Vandag is hierdie uitdrukkinge nie meer beeldspraak nie. *Skerp* is die gewone naam vir hierdie dinge; die woord het 'n aantal nuwe betekenis ontwikkel. *Begryp* het oorspronklik net soos *gryp* beteken „met die hande vat.” Toe is die woord — bywyse van beeldspraak — ook op verstandelike handelinge toegepas. Vandag het die ou betekenis uitgesterf en leef alleen die nuwe nog voort. Soms is dit nie so maklik om uit te maak of ons al 'n nuwe betekenis van 'n woord het en of dit nog beeldspraak is nie. Alle mense sal ook nie in alle gevalle eenders oor die saak dink nie. Hoe dit ook al sy, beeldspraak speel 'n geweldig grote rol in die ontwikkeling en ook die verryking van ons taal. Dié gevalle waar dit miskien lyk asof ons nog beeldspraak het, terwyl daar al werklik 'n nuwe betekenis van 'n woord ontwikkel het, kan ons skynbare beeldspraak noem.

Dink nou ook aan die ontsaglik groot aantal spreekwoorde wat hulle ontstaan aan beeldspraak te danke het. *Agteros kom ook in die kraal* is beeldspraak — 'n mens word 'n os genoem. Alléén is die beeld so dikwels gebruik dat dit 'n vaste uitdrukking geword het. En dieselfde het gebeur met: *briek aandraai*; *onklaar trap*; *stadig oor die klippe*; *iemand 'n kafferpak gse*; *'n vyfde wiel aan die wa*; *dit reën ouseide met knopkieries*;

hy het die skoot hoog deur, ens., ens. Verpersoonliking is 'n vorm van beeldspraak en gee ook dikwels aanleiding tot vaste terme of uitdrukkinge: *Grootpaat se maat is dood. — Eerlik het 'n os geslag en Fatsoenlik het hom opgeëet. — Nood leer bidde. — Ouderdom kom met gebreke. — Honger is die beste kok. — Met Jan Tuisblyer se karretjie ry, ens., ens.* Ook vergelykinge neem dikwels 'n vaste vorm aan en word van geslag op geslag oorgelewer: *So rooi soos bloed, so groen soos gras, so wit soos was (of soos sneeu). — Hy lieg soos 'n tandetrekker. — Hy lyk soos 'n nuwe sikspens. — Hy lyk of hy 'n laaistok ingesluk het. — Hy lyk of die honde sy kos opgevreet het. — Nes 'n volstruis, waar hy kom is hy tuis. — Hy loop of die duivel agter hom is. — So waar as padda 'n manel dra. — So gesond soos 'n vis in die water, ens., ens.*

Laat ons ons nou afvra hoe dit kom dat ons in ons gees dikwels twee dinge nie alleen naas mekaar sien nie, maar ook in of op mekaar, m.a.w. wat die psigologiese agtergrond van beeldspraak is.

Toe ek netnou 'n trein 'n slang genoem het, toe het ek dit gedoen omdat die trein vir my gelyk het na 'n slang, m.a.w. daar was vir my 'n seker ooreenkoms tussen die twee dinge en daarom het ek hulle inmekaar gesien. As ek daarenteen sê: „Daar het twaalf kakies gestaan,” dan assosiëer ek die klere met die mense, sien ek hulle inmekaar, omdat daar vir my 'n sekere verband tussen die twee bestaan. Alle beeldspraak berus psigologies op assosiasie deur ooreenkoms of verband. Die eerste soort noem ons metafoor, die tweede metonimia. In skoolboekies word ook nog verskeie ander soorte as onderdele van hierdie twee onderskei soos: sinekdogee, antonomasia, personifikasie, eufemisme, ironie, ens., maar lievers as om u hiermee lastig te val, wil ek met u nagaan die soorte ooreenkoms of verband wat ons

tussen dinge sien en wat dus die aanleiding word tot beeldspraak.

Eers die soorte ooreenkoms. Ons kan onderskei:

1. Ooreenkoms wat ons deur die verstand begryp, soos in: „Hy het die spyker op die kop geslaan.” Die kop is vir ons die belangrikste plek van die spyker en daarom beteken die uitdrukking vir ons: „Hy het die regte, die belangrikste, kant van die saak aangeraak.” Dit begryp ons met die verstand, dit is verstandsooreenkoms.

2. Fantasia- of verbeeldingsooreenkoms. Hier kan ons 'n ding met 'n ander naam as sy gewone noem, omdat twee aparte dinge 'n ooreenkomstige indruk op ons sintuie maak. Ons noem bv. 'n uitstekende sangeres 'n *nagtegaal*, omdat altwee 'n soortgelyke indruk op ons gehoor maak. Ons fantasie hoor dan die een in die ander. Of ons kan 'n klein, tingerige meisietjie 'n *tintinkie* noem, omdat die twee dieselfde indruk op ons gesig maak.

3. Gevoelsooreenkoms. Hier kan ons die ooreenkoms nie met die sintuie waarneem nie, maar aparte dinge uit die buitewêreld maak 'n ooreenkomstige indruk op ons gevoel. Op die Nederlandse skrywer Van Deyssel maak goud die indruk van weelderigheid. Alles wat weelderig is kan hy dus „goue” noem; so praat hy selfs van „'n gouden sneeuw van woorden”. Met die verstand of fantasie kan ons so iets nie begryp nie; om dergelike taal te kan waardeer moet ons ons gevoel in werking stel. En dis merkwaardig hoe 'n geweldige invloed sintuiglike indrukke op die gevoel het. Wat gesigsindrukke betref, word *swart* en *bruin* bv. as donker, droewig, onheilspellend gevoel, of as vuil, sleg, moeilik, ens. *Rooi* is warm, aktief. *Wit* is lig, bly, gelukkig. *Ligblou* is kalm, week, slap. *Donkerblou* is treurig, eensaam, onheilspellend, ens. Op dieselfde manier word *skerp*, iets wat 'n mens met jou tassintuig waarneem, toegepas op die gevoel as ons praat van „*skerp* woorde.”

So kan ons ook by assosiasie deur verband onderskei:

1. Verband wat deur die verstand begryp word, soos by *kakies* vir soldate—die klere is vir my verstand die belangrikste deel van die soldate.

2. Verband wat deur die fantasie teweeggebring word, soos wanneer ek iemand met 'n skeeloog noem *skeeloog*. Die skeeloog maak die sterkste indruk op my gesig en daardeur op my fantasie.

3. Verband wat gevoel word, soos wanneer 'n skoolkind praat van die *nare* klaskamer.

Wat is nou die nut van beeldspraak? Ons het reeds tevore aangetoon dat dit die mees direkte, die kortste, die mees egte uitdrukkingswyse is vir mense wat die beelde sien en voel. Veral by digters tref ons dit baie aan, omdat dit mense is met 'n sterk fantasie; en ook by primitiewe volke en onontwikkelde mense wat, by weinig intellektuele ontwikkeling, tog 'n ryk verbeeldingslewe het. Skoolmeesters raai hulle leerlinge soms aan om gebruik te maak van beeldspraak as 'n stylversiering. Dit is egter 'n gevaarlike voorskrif, want as dit aangewend word as 'n versiering van buite af, net ter wille van versiering, dan maak die styl dikwels dieselfde indruk as 'n kaffermeid wat haar in veelsoortige kleure gestee het en sonder smaak behange is met velerlei ringe en krale. Om effektief te wees moet beeldspraak van binne uit groei. Die kunsmatig inwerk van ondeurvoelde beelde sal eer afbreuk doen aan die styl as dit bevorder. As 'n skrywer praat van iemand „wat die krag van 'n leeu het” dan weet ons al dadelik dat hy dit by andere gehoor of gelees het. En so is daar honderde beelde wat deur veel gebruik afgeslyt het en dadelik die indruk van ondeurvoeldheid maak. As u u styl wil verryk met beelde, dan moet u veeleer u gees, u fantasie, u gevoel wakker hou en die gewoonte aankweek om verskillende dinge naas mekaar en in mekaar te sien. Alleen die werklik gesiene en deurleefde, dus die oorspronklike, die Afrikaanse beeld

uit u eie omgewing en ervaring, kan eg en dus effektief wees. Dit sal u styl lewendiger, sprekender, klemmender maak, omdat dit selfopenbarend is, terwyl die geleende, die afgesaagde, die ondeurvoelde, en daarom soms onharmoniese beeld, die styl verslap of verduister, en die stempel van onegtheid daarop afdruk.

LITERATUUR

WUNDT: *Die Sprache II*; H. PADBERG: *De Mooie Taal* (Malmberg, 's Hertogenbosch-Antwerpen); en die artikels van DE VOOYS in *Verzamelde Taalkundige Opstellen: Vergelijkingen in de Taal* (ook in *Nieuwe Taalgids III*); *De Behandeling van „figuurlike taal”* (ook in *Nieuwe Taalgids III*); *Iets over de Metafoor* (ook in *Nieuwe Taalgids IV*); *Een Principiële Opmerking bij het Etymologiseren van Spreekwoordelike uitdrukkingen* (ook in *Nieuwe Taalgids IX*).

Die standaardwerk oor Afrikaanse spreekwoorde is D. F. MALHERBE: *Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme* (Nasionale Pers, Bloemfontein, ens.).

VERKLEINWOORDE

Toe ons kinders was, het Ma ons dikwels vertel van „onse liewen *Heertjie*.” As oom Piet Swanepoel, wat ’n sesvoeter is en ’n liggaamsomvang het wat hy liewers verswyg, te doen kry met die kleinspan wat ’n geweldige ontsag vir hom het, dan antwoord hulle ewe bedees: „Ja, *omie*.” — „Nee, *omie*.” — „Ek weet nie, *omie*.” En oom Naas, ’n verpotte ou mannetjie met ’n vrou wat skaars deur die voordeur kan gaan, noem haar nooit anders as sy *skatjie* nie. Hierdie woorde: *Heertjie*, *omie*, *skatjie*, noem ons verkleinwoorde. En daar is baie ander, oneindig veel, sulke sogenaamde verkleinwoorde wat toegepas word op mense en dinge wat met geen moontlikheid klein genoem kan word nie. Daar is bv. die twee ou vriende, Karel van der Merwe en Stephanus Malan, wat in die wandeling nooit anders genoem word as oom *Kalie* en oom *Fanie* nie. Daar is Anna Breytenbach, ’n pragtig ontwikkelde meisie, so lank as haar broers, wat vir iedereen *Annie* is. Ons dorpsprokureur is ’n man, groot van gestalte en deftig van houding, maar agter sy rug sê hulle dat hy darem maar net ’n *prokureurtjie* is. Oom Hans weer hou nie van petieterige goedjies nie; hy drink graag ’n behoorlike groot *koppie* koffie. En dan het ons tant Hessie, wat tog seker wel erken dat die hemel veel groter is as die aarde, maar tog gedurig uitroep: „o *hemeltjie*!”

Hoe is dit nou eintlik met hierdie verkleinwoorde gesteld? Praat ons almal so sleg? Mag ons hulle nie gebruik vir groot dinge nie, of het ons hier weer te doen met een van die talryke gevalle waar ons grammatikas en ons grammatiese terminologie ons op ’n dwaalspoor lei? Die antwoord sal duidelik word as ek

die saak 'n bietjie histories nagaan — iets wat ek graag doen, omdat ons hier 'n groep woorde het wat in baie opsigte besonder interessant is.

Verkleinwoorde is iets wat in die oudste Indo-germaanse tale haas nie voorkom nie, en ook in die oudste Germaanse tale nog uiters seldsaam is. En dit hoef ons ook nie te verwonder nie, want hulle is nie onmisbaar in 'n taal nie: ons kan dieselfde begrip net so goed op 'n ander manier uitdruk, bv. deur voorvoeging van die woord *klein*. Hulle doen maar net die diens dat hulle ons in staat stel om deur middel van uitgange begrippe uit te druk waarvoor ons anders aparte woorde nodig sou hê. In Germaans het party van hulle ontwikkel uit die onsydige geslag van Byvoeglike Naamwoorde met die uitgang *-in*, sodat die woord „bokkie” bv. oorspronklik die betekenis moet gehad het van „iets wat behoort by of die geaardheid het van 'n bok.” Ander het ontstaan uit woorde met die uitgang *-l-*, wat oorspronklik miskien die betekenis „kind van” gehad het, waaruit dan die betekenis „klein” ontwikkel het. Ook in Latyn kom 'n aantal woorde met hierdie agtervoegsel voor. Uit die betekenis „kind van 'n slaaf” van die Latynse woord *servulus*, kan maklik die betekenis „klein slafie” ontwikkel het. Nog 'n groep het ontstaan uit woorde met die agtervoegsel *-k-* (Oosgoties *Gevica*, Ou-Gents *Ambrico*) wat gebruik was om vleinaampies te vorm. Opmerklik is dit dat hierdie uitgange in moderne Germaanse tale betreklik selde alleen voorkom. Meestal het *-k-* of *-l-* saamgesmelt met *-in*, ten dele deurdát die krag van die uitgange soseer afgeslyt was dat een alleen nie meer as voldoende sterk gevoel is nie. So het ontstaan *-kin* en *-lin*, waarmee in Afrikaans gewoonlik sou ooreenkom *-ke* of *-ken*, en *-lyn*, uitgange wat ons nog wel uit die Nederlandse literatuur ken, maar wat nie meer in Afrikaans voortleef nie.

Die Ou-Germaanse uitgang *-kin* het in Nederlands in die reël egter *-tjen* of *-tje* geword, Afrikaans *-tjie*, d.w.s. die *k* het *tj* geword. Dit is dus net die omgekeerde van wat gebeur as baie Afrikaners *boonkie* of *biekie* sê vir *boontjie* of *bietjie*. Dat *k* en *tj* mekaar kon afwissel, is dus al 'n baie ou verskynsel.

Die verkleiningsuitgange word dan, altans vir sover as ons dit in die skriftelik oorgelewerde bronne kan nagaan, in Ou-Germaans maar min gebruik en in party moderne Germaanse tale is hulle ook haas onbekend. In die Skandinawiese tale en in Engels kom bv. maar selde 'n verkleinwoord voor. In die Noord-Duitse dialekte word hulle ook maar baie min gebruik, met die opmerklike uitsondering van Mecklenburgs wat egter 'n ander uitgang het. Ook in Nederlands is daar dialekte, veral Westerwolds, wat maar min gebruik maak van verkleinwoorde. Daarteen is hulle baie volop in Hoog-Duits, meer nog in die Nederlandse Algemeen-Beskaafde Taal waar hulle sterk toegeneem het sedert die Middeleeue, en nog meer in Afrikaans.

In Afrikaans is die verkleiningsuitgang *-tjie*, *-ie*, *-jie*, *-pie*, of *-etjie*. Die juiste vorm word bepaal deur die naburige klanke. Ons gebruik hierdie uitgange nie alleen by Selfstandige Naamwoorde nie, maar bv. ook by Byvoeglike Naamwoorde en Bywoorde, soos in: Dit was tog al te *liefies* of *fraaitjies*; *saggies*, *effentjies*, *lossies*, *netnoumaartjies*, *netjies*, ens.

In sy bekende Wiegelliedjie gebruik Langenhoven Werkwoorde soos *nadertjies*, *kommetjies*, *woeletjies*, *rolletjies*, *ganetjies* in die verkleiningsvorm:

Doedoedoe bladertjies,
Slapenstyd nadertjies;
Doedoedoe blometjies
Nag is aan 't kommetjies.

*

*

*

*

Wioletjies woeletjies, tolletjies rolletjies!
 Pappa kom huistoe, sy waentjie is volletjies.

* * * *

Hier is die boompie vir moeder se blommetjie,
 Hier is die wieg as die slapenstyd kommetjie.

* * * *

Wie weet hoe ver moet my liefste nog ganetjies.
 Ver deur die wêreld se kronkels en gangetjies.

Tussenwerpsels in die verkleiningsvorm is baie gebruiklik onder ons: Ag toggie! Maggies! My wêreldjie! O allatjie! En in die kinderatmosfeer kan ons selfs verkleinwoorde van Voornaamwoorde maak: „Ek het 'n mannetjie van potklei gemaak nou moet ek vir hompie 'n speelmaat soek”, en van Voorsetsels: „Lê oppies die bedjie.”

Hierdie veelvuldige gebruik van die verkleinwoord in Afrikaans is 'n hoogs merkwaardige verskynsel. Ons weet immers dat dit kenmerkend van Afrikaans is dat die Nederlandse uitgang op groot skaal vereenvoudig is of verlore gegaan het. By die Werkwoord, die Selfstandige Naamwoord, die Byvoeglike Naamwoord, die Voornaamwoord — oral het fleksievorme verlore gegaan. En hier het ons juis die teenoorgestelde. Nie alleen is die Hollandse verkleiningsuitgang behou nie, maar hul gebruik het selfs toegeneem. Dit lewer ons andermaal die bewys daarvoor dat die verdwyning van verbuigingsuitgang deur bepaalde wette beheers is. Alleen dié vorme wat oorbodig was vir die betekenis, het verdwyn — oorbodige sintaksiese vorme dus, of luukse-vorme. Maar vorme wat nodig was vir die betekenis, is behou en kon selfs 'n kragtiger lewe tegemoet gaan.

Hierdie kragtige lewe wat die verkleinwoorde in Afrikaans voer, kan egter alleen sy verklaring daarin vind dat hulle besonder geskik is om in 'n bepaalde behoefte te voorsien. Hulle is naamlik 'n besonder

handige manier om uiting te gee aan ons gevoelens. Ons praat nie alleen om gedagtes aan andere mee te deel nie, maar ook en veral om ons gevoelens mee te deel. Die verkleinwoordjies is 'n kort maar doeltreffende manier om dit te doen, baie handiger as aparte woorde. Miskien het hierdie kort, handige middel onbewus 'n besondere aantrekkingskrag vir die Afrikaner gehad, omdat hy in die reël 'n afkeer daarvan het om lank by gevoelsake te verwyf, omdat hy in geselskap terugdeins van alles wat na sentimentaliteit sweem. Terselfdertyd wys die ontwikkeling psigologies in dieselfde rigting as die verlies van die oorbodige fleksie-uitgange, want hoewel die verkleiningsvorme langer woorde oplewer, maak hulle tog ons taalsisteem eenvoudiger, deurdat omskrywende woorde bespaar word.

Hiermee het ons reeds die ware geaardheid van die verkleinwoorde getipeer, want hulle is nie alleen woorde wat grootte, of liewers kleinheid, aandui nie, maar ook woorde wat sterk met gevoel gelaai is. Ons kan aanneem dat die eerste verkleinwoorde aanduidinge was van konkrete persone, diere, of dinge, soos ook bevestig word deur die oorspronklike groepe wat ek netnou genoem het. Sulke konkrete dinge het egter meer as een eienskap. As ons bv. van 'n bepaalde *babetjie* praat, kan ons dink aan sy blou ogies of wit haartjies, aan sy lang vingertjies of ronde magie, aan sy kleinheid, sy onaangename gehuil of die gevoel van liefde wat hy by ons opwek. Van al hierdie eienskappe is ons egter nie gelyktydig bewus nie. Een of 'n paar tree op die voorgrond, terwyl die ander onderdruk word. Om ons vir die teenwoordige tot die laaste twee te beperk, kon die verkleinwoorde dus potensieel sowel 'n seker gevoel uitdruk as kleinheid. Die eerste mense wat van 'n *varkie* of 'n *slafie* gepraat het, kon net so min daaraan ontkom het om daar iets by te voel as ons. Van die begin af moet hierdie woorde dus sowel gevoelswoorde as verkleinwoorde gewees het. Maar soms

kan die gevoel agterweë bly, soos wanneer ons heeltemal objektief praat van die *hekkie* voor die *tuintjie* van die *huisie*. In ander gevalle weer kan die betekenis van kleinheid heeltemal onderdruk word en alleen die gevoel op die voorgrond tree, soos wanneer ons 'n groot man 'n *prokureurtjie* noem.

Wat die kleinheidsbegrip betref, moet ons opmerk dat daarby ingesluit word, nie alleen wat klein van omvang is, soos *hondjie*, *stoeltjie*, *blommetjie*, ens., nie, maar ook 'n klein hoeveelheid, soos in: „*drink 'n bietjie melkies*,” „*die watertjies was maar skaars*,” of iets wat kort van duur is, soos 'n *praatjie*, 'n *boodskappie*, 'n *opmerkinkie*. Daarenteen kan 'n *draffie*, 'n *galoppie* of 'n *gangetjie* lank duur, maar hulle kos weinig inspanning.

Wat gevoel betref, dit kan 'n gevoel van liefkosing of simpatie wees wat deur die kleinheid opgewek word, soos wanneer ons praat van die *dingetjie se ou bekkie*; maar in teëstelling daarmee kan dit ook 'n gevoel van geringskatting of minagting wees, soos wanneer ons praat van *sy ou pondokkie*, of *sy poginkie*. Dikwels is die verkleinwoord 'n middel om beskeie te wees, soos wanneer iemand praat van *sy eie ou huisie*, of *sy ou geldjies*. Die persoon wat uitroep: *O! hemeltjie*, of *O! Vadertjie*, versag daarmee 'n sterk uitdrukking, en op dieselfde manier het die verkleiningsuitgang 'n eufemistiese gevoelswaarde wanneer ons sê: *daar is 'n ruikie aan* of *ek het 'n appeltjie met jou te skil*.

In die besonder moet daarop gelet word hoe verkleinwoordjies dikwels opgehoop word om 'n bepaalde stemming vol te hou of te laat aangroei. So praat ons nie alleen van 'n kind se *händjies*, *voetjies*, *oortjies*, ens., nie, maar ook van sy *kleertjies*, sy *speelgoedjies*, sy *willetjie*, ens. Dis enkel ter wille van so 'n stemming van liefkosing dat Langenhoven ook die werkwoorde *ganetjies*, *nadertjies*, *woeletjies*, ens., maak. En op dieselfde manier kry Jan Celliers deur die gebruik van

verkleinwoordjies 'n idilliese stemming in versreëls soos die volgende:

Oor die *dorpie* koel en lawend,
 Deur die *straatjies* leeg en lang,
 Dwaal die *windjie* van die awend,
 Streel die *blaartjies* op haar gang.

(*Die Rivier.*)

Deur veelvuldige gebruik het die betekenis afgeslyt van die verkleiningsuitgang in woorde soos: *bessie*, *boordjie*, *koppie*, *meisie*, *mossie*, ens. Dan kan ons opnuut die verkleiningsuitgang toevoeg en stapelvorme kry soos: *bessietjie*, *meisietjie*, *koppietjie*, ens. Die verkleiningsbegrip kan ook versterk word deur voorvoeging van *klein*: 'n *klein kêreltjie*, *klompie*, ens. Opmerklik is egter dat terwyl die verkleinwoord sonder *klein* gebruik kan word, die woord *klein* met weinig uitsonderinge gevolg moet word deur 'n verkleinwoord.

Uit die voorgaande, dink ek, het voldoende geblyk dat ons ons nie deur die naam daarvan hoef te laat weerhou om verkleinwoorde ook vir groot dinge te gebruik nie. Intendeel, ons kan ons gelukkig ag dat Afrikaans in hierdie groep woorde 'n handige middel ryk is om op beknopte wyse uitdrukking te gee aan 'n groot verskeidenheid van gevoelens.

LITERATUUR

Oor Nederlandse verkleinwoorde: M. SCHÖNFELD: *Historiese Grammatika van het Nederlands* (Thieme, Zutphen); G. G. KLOEKE: *Die Entstehung der niederländischen Diminutiven-tje* (Ztschr. f. deu. Mundarten, 1923); maar veral die uitvoerige werk van W. Pee: *Dialect-geographie der Nederlandsche Diminutiva*, 2 de. (Michiels Broeders, Tongeren), alwaar ook 'n uitgebreide bibliografie te kry is.

Oor Afrikaanse verkleinwoorde: J. HOGE: *Ondersoekinge oor die gebruik van die verkleinwoord in Afrikaans* (Annale, Universiteit van Stellenbosch); G. S. NIENABER: *Oor die Afrikaanse Taal* (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).